,

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA EN INTERNASIONALE REIS

NKR VLAK 4

(11011064)

8 Maart 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
5. Laat ten minste DRIE reëls na elke vraag oop.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n groot stad uit KOLOM B wat by 'n land in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Israel	A	Wellington
1.1.2	Kanada	B	Harare
1.1.3	Ierland	C	Maputo
1.1.4	Japan	D	Ottawa
1.1.5	Griekeland	E	Lima
1.1.6	Switserland	F	Dublin
1.1.7	Mosambiek	G	Tokyo
1.1.8	Zimbabwe	H	Jerusalem
1.1.9	Peru	I	Bern
1.1.10	Nieu-Seeland	J	Athene
		K	Maseru
		L	Edinburgh

(10 × 1) (10)

1.2 Watter land assosieer jy met elk van die volgende toeriste-aantreklikhede?

1.2.1 Notre Dame-katedraal (1)

1.2.2 Westminster Abbey (1)

1.2.3 Terra Cotta-weermag (1)

1.2.4 Brug oor die Rivier Kwai (1)

1.2.5 Ground Zero (Bodemnulpunt) (1)

1.2.6 Christus die Verlosser-standbeeld (1)

1.2.7 St Paulus katedraal (1)

Kopiereg voorbehou

1.2.8 Taj Mahal (1)

1.2.9 Kolosseum (1)

1.2.10 Die Klein Meermin (1)

1.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Mnr. en mev. Lee van Hongkong het besluit om Suid-Afrika te besoek. Voor hulle vertrek uit Hong Kong, het hulle reisagent vir hulle 'n brosjure, getiteld "Suid-Afrika BTW - Wat 'n toeris moet weet" gegee.

1.3.1 Waarvoor staan die akroniem *BTW*? (2)

1.3.2 Waarom sal Mnr. & Mev. Lee 'n BTW-terugbetaling kan eis? (2)

1.3.3 Hulle het, volgens die instruksies in die brosjure, belastingsfakture van al hul aankope bymekaar gemaak.

Waarvan moet mnr. Lee verseker wees dat dit wel op die belastingfaktuur weerspieël? (5)

1.3.4 Wat moet hulle aan die beampte by die BTW-terugbetalingskantoor voorlê wanneer hul die BTW-terugbetalingseis indien? (3)

1.3.5 Die koste van die goedere wat hulle gekoop het, is minder as R3 000,00.

(2)

Verduidelik hoe hulle terugbetaal sal word.

1.4 Gee die IATA-kodes (ILVV-kodes) vir elk van die volgende lughawens:

1.4.1 Kingsford Smith Internasionale Lughawe.

1.4.2 Kairo-Internasionale Lughawe.

1.4.3 John F Kennedy Internasionale Lughawe.

1.4.4 OR Tambo Internasionale Lughawe.

1.4.5 Indira Ghandi Internasionale Lughawe.

1.4.6 London Gatwick Internasionale Lughawe. (6)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Lees elk van die volgende stellings hieronder. Skryf elke stelling neer en korrigeer die stelling waar nodig. Skryf elke stelling langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die naald van 'n kompas wys altyd na magnetiese Suid.

2.1.2 Breedtegraad beïnvloed klimaat.

2.1.3 Die 0°-lengtelyn is die nulmeridiaan.

2.1.4 Lengtelyne beïnvloed klimaat.

2.1.5 Die 0^0-lengtelyn is bekend as die Kreefskeerkring. (5 × 2) (10)

2.2 Identifiseer die volgende algemene kaartsimbole:

2.2.1 

2.2.2 

2.2.3 

2.2.4 

2.2.5 

2.2.6 

(6)

Kopiereg voorbehou

2.3 Kies 'n handeling/verklaring/handves uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.3.1	Verbeter erfenisaktiwiteite vir kinders en jeugdiges.	A	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne van 1999.
2.3.2	Verantwoordelik vir die vestiging van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-agentskap	B	Wet op Nasionale Erfenisraad van 1999.
2.3.3	Beskerm en bewaar ekologies lewensvatbare gebiede wat Suid-Afrika se biodiversiteit verteenwoordig.	C	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede van 1998.
2.3.4	Koördineer die bestuur van Suid-Afrika se erfenis	D	Die Erfenistransformasie-wet van 2007.
2.3.5	Verantwoordelik vir die stigting van die Nasionale Erfenisraad		
2.3.6	Stel 'n geïntegreerde stelsel bekend vir die identifisering, assessering en bestuur van die erfenishulpbronne van Suid-Afrika.		
2.3.7	Beskerm en bewaar Suid-Afrika se natuurlike landskap en seegebergte.		

(7 × 2) (14)

2.4 Watter reissiektes sal jy met elk van die volgende stellings assosieer?

2.4.1 Virale-infeksie deur muskietbyte veroorsaak.

2.4.2 Bakteriese siekte deur salmonella veroorsaak en oorgedra deur besmette kos en drank.

2.4.3 Besmetlike virussiekte wat die senuweestelsel binnedring.

2.4.4 Veroorsaak deur 'n muskietbyt wat met 'n parasiet besmet is.

2.4.5 Bakteriese siekte deur besmette water en voedsel oorgedra.

(5 × 2) (10)

[40]

NSC

VRAAG 3

3.1 Gee 'n kort beskrywing vir elk van die volgende klimaatstreke:

3.1.1 Poolse klimaat

3.1.2 Tropiese klimaat

3.1.3 Subtropiese klimaat

3.1.4 Gematigde klimaat

3.1.5 Mediterreense klimaat (5 × 2) (10)

3.2 Erfenisbestuurders is verantwoordelik vir die uiteenlopende aspekte wat verband hou met die beskerming en toeganklikheid van verskeie erfenisterreine.

3.2.1 Gee DRIE voorbeelde van erfenisterreine waarvoor 'n erfenisbestuurder verantwoordelik kan wees. (3)

3.2.2 Noem SEWE pligte wat u in die werksbeskrywing van 'n erfenisbestuurder sal insluit. (7)

3.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.3.1	Bepaal wie verantwoordelik is vir die organisering van die geleentheid.	A	finansiële reëlings
3.3.2	Doelwitte en doelstellings word gestel.	B	vestigingsfase
3.3.3	'n Kontrak word met met 'n geleentheidsmaatskappy onderteken.	C	evaluering
3.3.4	Hoeveel 'n geleentheid kos.	D	visie
3.3.5	Kyk of die beplanning goed afgeloop het en of oorspronk-like doelwitte bereik is.	E	formalisering
		F	beplanning
		G	implementering

(5 × 2) (10)

3.4 Jy werk as 'n reiskonsultant. Twee van u kliënte het van vlugvoosheid gehoor en u oor hul besorgdheid genader. Gee hulle die nodige antwoorde op hul vrae wat volg.

3.4.1 Wat veroorsaak vlugvoosheid? (2)

3.4.2 Hoe sal ons weet of ons aan vlugvoosheid ly? Verskaf VIER opsies. (4)

3.4.3 Wat moet ons doen om die effek van vlugvoosheid te verminder? Verskaf VIER voorstelle. (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Amerikaanse staatsdepartement waarsku Amerikaanse burgers om reise na die grensgebied van Kenia te vermy weens bedreigings deur die terroriste-groep, al-Shabaab. Amerikaanse burgers moet ook bewus wees van moontlike terreurdreigemente en die hoë risiko van misdaad dwarsdeur die land. Terroriste-aanvalle wat skietery, handgranate, of ander plofbare toestelle insluit, het plaasgevind en baie in Wajir beseer en doodgemaak. Potensiële terreurbedreigings, soos bombarderings, ontvoerings en aanvalle op burgerlike lugvaart, kom steeds in Kenia en in die Nairobi-gebied, langs die kus en in die noordoostelike streek van die land, voor.
>
> [Bron: *Kenia Reiswaarskuwing* (Laas opgedateer: 30 Junie 2016]

4.1.1 Verduidelik, na jou mening, VIER maniere waarop die toerisme-bedryf in Kenia geraak kan word as gevolg van dreigemente deur die terroriste-groep, al-Shabaab. (4 × 2) (8)

4.2 Verwys na BYLAE A, die wêreldkaart en beantwoord die vrae wat volg.

4.2.1 Identifiseer die kontinente genommer 1 – 5. (5)

4.2.2 Identifiseer die oseane genommer 6 – 8. (3)

4.2.3 Identifiseer die eilande genommer 9 – 10. (2)

4.3 Suksesvolle erfenisbestuur behels verskeie aktiwiteite.

4.3.1 Noem die DRIE aktiwiteite wat jy met erfenisbestuur assosieer. (3 × 2) (6)

4.3.2 Verduidelik die doel van elk van die aktiwiteite genoem in 4.3.1 hier bo. (3 × 2) (6)

4.3.3 Verskaf 'n voorbeeld van 'n organisasie, instansie, vereniging, departement of persone wat u sal assosieer met elk van die aktiwiteite wat u in (4.3.1) hierbo genoem het. (3 × 2) (6)

4.3.4 Watter TWEE rolle kan die gemeenskap vervul om met die bestuur van ons erfenis te help? (2 × 2) (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE reisdokumente wat u toegang tot 'n vreemde land sal toelaat. (2)

5.2 Noem VIER praktiese implikasies wat 'n toeris moet oorweeg wanneer 'n verbindingsvlug gebruik word. (4)

5.3 Onderskei tussen 'n oorgangs- en 'n oorblybestemming. (2 × 2) (4)

5.4 Waarom sal 'n toeris wat oorsee reis, nie hul bagasie tot by hul finale bestemming, by hul aanvanklike vertrekpunt kan bespreek nie? (2)

5.5 Wanneer u deur die doeane gaan, moet u die kanaal kies om deur te gaan. Waarom sal u die rooi kanaal kies? (2)

5.6 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Thando is verantwoordelik vir die organisering van 'n toerisme-indaba in haar plaaslike omgewing vanaf 16 tot 20 Mei 2017. Die toerisme-indaba is die grootste toerisme-bemarkingsgeleentheid in hul plaaslike omgewing. Toerismebesighede en -uitstallers van omliggende gebiede gebruik ook hierdie geleentheid om die ryk erfenis, kookkuns en kultuur van die gebied uit te beeld. Die opening van die Indaba is 'n Gala-dinee by die plaaslike hotel.

5.6.1 Vir die beplanning van die geleentheid moet Thando duidelike doelwitte vir die Toerisme-indaba stel.
Stel DRIE moontlike doelwitte vir hierdie geleentheid voor. (3 × 2) (6)

5.6.2 Noem VIER faktore wat Thando moet oorweeg wanneer hy oor 'n lokaal vir die toerisme-indaba besluit. (4)

5.6.3 Stel TWEE metodes voor wat gebruik kan word om geselekteerde persone na die galadinee uit te nooi. (2)

5.6.4 Noem VIER besonderhede wat op die uitnodiging vir die galadinee ingesluit moet word. (4)

5.6.5 Noem DRIE ondersteuningsdienste wat benodig word om te verseker dat die Indaba suksesvol is. (3)

5.6.6 Stel DRIE metodes voor wat gebruik kan word om te bepaal of die Indaba suksesvol was of nie. (3)

5.6.7 Verduidelik kortliks waarom Thando 'n terugvoerverslag aan die einde van die Indaba moet skryf. (2 × 2) (4)

[40]

GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou